

# MIGA IN KONFRONTASIE MET DIE LEIERS VAN DIE VOLK: 'N KRITIESE ONDERSOEK NA A S VAN DER WOUDE SE MIGA-ANALISE<sup>1)</sup>

J G STRYDOM

## ABSTRACT

**Micah in confrontation with the leaders of the people: A critical investigation into A S van der Woude's Micah analysis**

With his Micah commentary (1976) van der Woude went in a different direction and shed new light on the understanding of the book of Micah. The main thrust of his threefold theory is that Micah 2-5 has to be understood as a dispute between Micah and his pseudo-prophetic opponents. The aim of this article is twofold. On the one hand a critical analysis of this theory is done, amongst other things by making use of a formal analysis of the text of Micah. On the other hand I focus on Van der Woude himself as partner in the discussion, paying special attention to the method he uses.

Met die publikasie van sy Migakommentaar in 1976 het A S van der Woude<sup>2)</sup> 'n eie rigting ingesiaan en nuwe lig op die verstaan van die boek Miga gewerp. Normaalweg sou 'n mens in so 'n geval heelwat reaksie verwag. Die interessante is dat waar Van der Woude in Afrikaanse en Nederlandse kringe wel heelwat reaksie op sy nuwe teorie ontvang het, dit nie die geval was in die Duits-, Frans- en Engelssprekende wêreld nie. Die vernaamste rede hiervoor is waarskynlik die feit dat die kommentaar in Nederlands geskryf is en dus nie vir laasgenoemde groep so toeganklik is nie.

Omdat die kommentaar, deels as gevolg van hierdie taalprobleem, nie die aandag gekry het wat dit verdien het nie, maar veral omdat ek meen dat Van der Woude se teorie heelwat meriete het, het ek in 'n onlangse studie<sup>3)</sup> volledig daaraan aandag gegee. Die doel van die studie was tweeledig: aan die een kant is 'n detail-analise van die teks van die boek Miga gemaak, veral in die lig van Van der Woude se teorie; aan die ander kant is met Van der Woude self in gesprek getree wat betref sy metode van uitleg. Met hierdie artikel wil ek graag van die vernaamste resultate van hierdie ondersoek aan die orde stel.

# 1. INLEIDEND: DIE HUIDIGE STAND VAN DIE MIGANAVORSING EN DIE PLEK WAT VAN DER WOUDE DAARBINNE BEKLEE

## 1.1 Die tendense in die Miganavorsing tot en met 1976

Ten einde perspektief op Van der Woude se teorie te verkry, moet dit teen die agtergrond van die Miganavorsing tot en met 1976 gesien word. Van die vernaamste kommentare wat tot in daardie stadium verskyn het, is die volgende (sommige hiervan het weliswaar kort ná 1976 verskyn, maar die navorsing daarvoor was na alle waarskynlikheid afgehandel voordat Van der Woude se kommentaar verskyn het): W Rudolph<sup>4)</sup>, L C Allen<sup>5)</sup>, J L Mays<sup>6)</sup>, B Renaud<sup>7)</sup> en H W Wolff<sup>8)</sup>. Uit 'n ondersoek na hierdie kommentare<sup>9)</sup> blyk dit dat daar op hoofsaaklik vier probleemareas gekonsentreer is. Alhoewel daar nie konsensus hieroor bestaan nie, kan sekere tendense tog waargeneem word:

1.1.1 Die indeling van die boek: Die algemene neiging is om die boek te verdeel in hoofstukke 1—5 en 6—7. Oor die verdere verdeling van 1—5 bestaan daar egter nie konsensus nie. Sommige verdeel dit 1—3 en 4—5, andere weer 1—2 en 3—5.

1.1.2 Die onderlinge verband wat daar tussen die eenhede van die boek bestaan: Sienings hier hou grootliks verband met die feit dat ons in die boek Miga 'n voortdurende wisseling tussen heils- en onheilsprofesieë aantref. Die meeste kommentatore probeer dus om 'n skema te rekonstrueer wat hierdie wisseling verklaar. Daar is egter verskil van mening oor presies hoe die skema daar uitsien. 'n Verdere probleem is dat telkens rekening gehou moet word met gedeeltes wat nie by die kommentatore se onderskeie skemas inpas nie, byvoorbeeld 2:12—13, 4:10, 4:14 en 5:10—15.

1.1.3 Watter gedeeltes is outentieke Migamateriaal? Die meeste kommentatore is dit eens dat hoofstukke 1—3 (op enkele glosse na) van Miga afkomstig is. Wat die res van die boek betref, skryf sommige kommentatore dit aan (hoofsaaklik) Miga toe, terwyl andere meen dat dit glad nie aan Miga toegedig kan word nie.

1.1.4 Die redaksieproses wat die boek ondergaan het: Daar is eenstemmigheid dat ons met een of ander redaksieproses te doen het, maar oor die aard en omvang daarvan stem almal nie saam nie. Aan die een kant word dit gesien as 'n ingewikkelde proses wat deur verskillende fases gegaan het, aan die ander kant as 'n eenvoudige proses wat reken met 'n oorspronklike versameling profesieë en enkele latere toevoegings.

## 1.2 A S van der Woude se teorie

Teen hierdie agtergrond kom Van der Woude met sy teorie na vore. Hy verdeel die boek ook in twee hoofdele, naamlik hoofstukke 1—5 en 6—7. Hierdie twee dele staan heeltal los van mekaar omdat hulle van twee profete afkomstig is wat op verskillende plekke en onder verskillende omstandighede opgetree het. Hoofstukke 1—5 kom van Miga, soos ons hom tradisioneel ken, wat in die tweede helfte van die agste eeu, in die regeringstyd van Hiskia, in Juda opgetree het. Hoofstukke 6—7 kom van 'n ander Miga wat in dieselfde tyd opgetree het, maar in die Noordryk ten tye van die regering van Jotam en Agas.<sup>10)</sup>

Van der Woude verdeel Miga 1—5 verder in hoofstuk 1 en hoofstukke 2—5. Hoofstuk 1 (uitgesonderd 1:1 wat die opskrif van die boek as geheel vorm) dateer uit die tyd net voor die val van Samaria, en is waarskynlik 'n preek wat Miga tydens die Loofhuttefees te Lagis gelewer het.<sup>11)</sup>

Hoofstukke 2—5, wat 'n eenheid vorm en uit die jaar 713 vC dateer, bevat 'n dispuut tussen Miga en sy pseudo-profetiese opponente, wat in dialoogvorm weergegee word. Volgens Van der Woude is die onderlinge verband tussen die perikope van hoofstukke 2—5 geleë in die dialoogstruktuur daarvan en die feit dat dit oor 'n spesifieke tema handel, naamlik die vraag na die funksie van die goddelike heilsbeloftes.<sup>12)</sup>

Die eenheid van Miga 6—7 lê daarin dat dit deur 'n spesifieke profeet, Deutero-Miga, tot 'n spesifieke gehoor, die Noordryk, gerig word terwyl dit tematies daarom draai dat hy fel teen misstande op religieuse en sosiale gebied te velde trek, maar tog ook predikend getuig van die reddende God van die verbond en die verkiesing.<sup>13)</sup>

Ten opsigte van die ontstaan van die boek sê Van der Woude dat die twee hoofdele van die boek twee geskifte verteenwoordig wat onafhanklik van mekaar ontstaan het. Die verband tussen die twee dele is gevolglik 'n suiwer redaksionele aangeleentheid: 'n redaktor het die twee geskifte saamgevoeg, in die proses die oorspronklike opskrif van die boek aangepas en 'n aantal verklarende glosse bygevoeg.<sup>14)</sup>

Hoofstukke 1—5 is deur Miga self opgeteken, terwyl hoofstukke 6—7 deur Deutero-Miga opgeteken of gedikteer is.<sup>15)</sup>

Van der Woude het dus drie hoofstes:

- \* Hoofstukke 1—5 is van Miga self afkomstig en hoofstukke 6—7 van Deutero-Miga.
- \* Hoofstukke 2—5 is 'n dispuut (in dialoogvorm) tussen Miga en sy pseudo-profetiese opponente.
- \* Hoofstuk 1 is 'n selfstandige eenheid, 'n preek wat Miga te Lagis gelewer het.

Van der Woude stimuleer met hierdie kommentaar opnuut die gesprek oor die vier probleemareas, soos hierbo genoem, deurdat interessante oplossings daarvoor uit sy teorie voortvloei.

1.2.1 Sy indeling van die boek in hoofstukke 1—5 (wat in 1 en 2—5 onderverdeel word) en 6—7, lyk na 'n verantwoordbare afbakening. Elke deel vorm 'n afgeslote literêre eenheid en daar hoef nie telkens verklarings gegee te word vir gedeeltes wat *Fremdkörper* binne 'n bepaalde eenheid is nie. Dit is juis die probleem met die indelings van talle ander kommentatore.

1.2.2 Ook wat die onderlinge verband tussen perikope en groter eenhede betref, kom sy teorie meer aanvaarbaar voor. So vorm die perikope van hoofstuk 1 formeel en inhoudelik 'n eenheid, terwyl dieselfde ten opsigte van hoofstukke 6—7 geld. Die sub-eenhede van hoofstukke 2—5, met hulle dialoogstruktuur en sentrale tema, vorm ook 'n literêre eenheid. Dit is 'n groot verbetering op die siening dat ons te doen het met losstaande heils- en onheilsprofesieë wat mekaar “planloos” afwissel.

1.2.3 Die proses waarvolgens die boek, volgens Van der Woude, sy finale vorm bereik het, lyk na 'n beter alternatief as die talle ingewikkelde redaksieprosesse en skemas wat al voorgestel is. 'n Ingewikkelde proses is natuurlik nie *per se* onmoontlik nie. Ek is egter van mening dat kommentatore, omdat hulle telkens met die probleem sit dat sekere gedeeltes nie inpas nie, hulle skema in te fyn besonderhede wil uitwerk en so in 'n groot mate gedwing word om ingewikkelde redaksieprosesse te reconstrueer. Alhoewel Van der Woude myns insiens die saak oorvereenvoudig (dit kom later weer aan die orde), lyk dit tog asof die samevoeging van hoofstukke 1—5 en 6—7 die sleutel is tot die verstaan van die boek se totstandkoming.

1.2.4 Dit bring die laaste aspek na vore: Wat is outentieke Migaprofesieë en wat nie? Oor die algemeen is kommentatore geneig om Miga eksklusief as 'n profeet van oordeel te sien en gevolglik word alle heilsprofesieë in die boek gesien as nie van Miga afkomstig nie. Dit kan lei tot “versnippering” van die teks. Daarenteen bied Van der Woude se teorie die moontlikheid dat die eenheid van die teks behou kan word.

### 1.3 Die reaksie op Van der Woude se teorie

Soos reeds genoem, was die reaksie op Van der Woude se teorie nie wat 'n mens sou verwag in 'n geval waar daar so drasties van vorige navorsing

verskil word nie. Kommentare soos dié van H W Wolff<sup>16)</sup>, D R Hillers<sup>17)</sup> en die proefskrif van D G Hagstrom<sup>18)</sup> verwys skaars na die kommentaar van Van der Woude. Afgesien van die vermelde taalprobleem, is hierdie beperkte reaksie myns insiens ook aan nalatigheid aan die kant van Miganavorsers toe te skryf in die sin dat daar nie werklik erns met Van der Woude se teorie gemaak is nie. Die doel van bogenoemde studie<sup>19)</sup> was dus om Van der Woude se teorie deeglik onder oë te neem en weer aan die orde te stel. Dit is egter onprakties om binne die omvang van hierdie artikel aan alle aspekte daarvan aandag te gee. Daarom wil ek hier net aan een van Van der Woude se drie teses, dié oor Miga 2—5, aandag gee.

## 2. MIGA 2—5: 'N TWISGESPREK TUSSEN MIGA EN SY OPPONENTE

### 2.1 Uiteensetting van Van der Woude se teorie

Van der Woude se tese oor hoofstukke 2—5 vorm die swaartepunt van sy drieledige teorie oor die boek Miga. Dit impliseer nie dat die ander twee minder belangrik is nie. Hulle is egter in 'n mate ondergeskik aan dié oor hoofstukke 2—5 en daarom behoort laasgenoemde die vertrekpunt te wees vir 'n ondersoek na Van der Woude se teorie as geheel.

Soos reeds genoem, vorm Miga 2—5, volgens Van der Woude, 'n literêre eenheid en bestaan dit uit 'n deurlopende dispuut wat tussen Miga en die godsdienstig-politieke leiers in Jerusalem gevoer is. Die gesprek het na alle waarskynlikheid oor 'n aantal maande, omstreeks die jaar 713 vC, gestrek en die tema waaroor dit gehandel het is die vraag na die funksie van die Goddelike heilsbeloftes.<sup>20)</sup> Miga (wat in 2:1—5, 2:7c—11b, 3:1—12, 4:10, 4:14—5:3 en 5:6 aan die woord is) gaan uit van 'n prinsipiële onheilsituasie (die volk kan slegs *via* die oordeel van God enige heil verwag), terwyl sy opponente (wat in 2:6—7b, 2:11c—13, 4:1—9, 4:11—13, 5:4—5 en 5:7—14 aan die woord is) 'n prinsipiële heilsituasie as uitgangspunt neem (God se heil vir sy volk is in wese onaantasbaar en daarom is oordeel van God af nie moontlik nie). Soos die teksverwysings aandui, stel Miga en sy opponente hulle standpunte oor en weer. Miga is eerste aan die woord in 2:1—5, maar die gesprek word deur sy opponente afgesluit in 5:7—14. Die volgende tabel gee 'n kort samevatting van die verloop van die diskussie (teksverwysings in hakies dui aan waar ek van Van der Woude se indeling verskil):

2:1—5	Miga	Oordeel oor die gierigheid van sy opponente.
-------	------	--

2:6—7b (2:6a)	Opponente	Miga het nie die reg om so te profeteer nie.
2:7c—11b (2:6b—11b)	Miga	Verdere veroordeling van sy opponente se wandade.
2:11c—13	Opponente	Jahwe sal die volk herstel: Die ballinge sal terugkeer.
3:1—12	Miga	'n Hernude onheilsaankondiging: Jerusalem sal te gronde gaan.
4:1—9	Opponente	Jerusalem sal behoue bly, die volk sal herenig word en die Dawidshuis sal herstel word.
4:10	Miga	Jerusalem kan slegs deur die oordeel heen heil verwag.
4:11—13	Opponente	Vanweë Jahwe se ingrype sal Jerusalem slegs heil ervaar.
4:14—5:3	Miga	Die huidige koning sal verneder word, maar Jahwe sal 'n nuwe koning laat opstaan.
5:4—5	Opponente	Die huidige koning sal niks oorkom nie.
5:6	Miga	Die Godsvolk moet 'n instrument van seën onder die volke wees.
5:7—14	Opponente	Die Godsvolk het die taak om die ander volke uit te roei.

Alhoewel dit interessant sou wees, is dit nie moontlik om hier op al die detail van Van der Woude se interpretasie in te gaan nie. Daarvoor verwys ek u na bogenoemde studie.<sup>21)</sup>

## 2.2 Evaluering van die kritiek teen Van der Woude se teorie

2.2.1 Een van die punte van kritiek teen Van der Woude, wat die kern van sy teorie raak, is die vraag of Miga 2—5 hom wel leen tot so 'n interpretasie. Het ons inderdaad hier met 'n twisgesprek te doen en is daar

genoegsame formele aanduidings in die teks self?

Van die kritiek wat uitgespreek word, is die volgende: “Die Thesen van der Woudes sind anregend, aber ... oft reichlich spekulativ”<sup>22</sup>); Van der Kooij vra die vraag of hoofstukke 2—5 werklik so ’n deurlopende dispuut vorm, veral in die lig daarvan dat die teks formeel-literêr geen houvas daarvoor bied nie<sup>23</sup>); “... chaps 4—5 contain no such indications of formal transition from one speaker to another as appear in chaps 2—3”<sup>24</sup>); “... the fact that there are no indications in the text for a change of speakers implies that it can hardly be expected of the reader to read the text as a dialogue or dispute. It also means that the words of the text may easily be forced into such a preconceived ‘dialogue’ ”.<sup>25</sup>)

Uit hierdie kritiek is dit duidelik dat daar bedenkinge bestaan of die teks van Miga 2—5 genoeg formele aanduidings bevat om dit as ’n twisgesprek, in die vorm van ’n dialoog, te interpreteer. Na my mening bied die teks wel ’n houvas vir so ’n interpretasie en dit kan soos volg gemotiveer word:<sup>26</sup>)

(a) Die feit dat Miga in hoofstuk 2:1—11 b aan die woord is, blyk uit die wyse waarop hy met die eerste persoon na homself verwys: “my woorde” (vs 7), “my volk” (vs 8, 9), “ek sou kon profeteer” (vs 11). Die direkte rede (Moenie profeteer nie, profeteer hulle, hulle het nie die reg om hieroor te profeteer nie) waarmee Miga in vers 6a sy opponente aanhaal, staan ook duidelik uit. Die struktuur van verse 1—5 en verse 6b—11 b toon verder dat vers 6a in onderskeid staan van wat voorafgaan en wat volg; egter nie, en dit is vir die dialoogstruktuur van belang, totaal los daarvan nie. Dit dien as die skakel tussen verse 1—5 en 6—11 b: “hierdie dinge” (vs 6a) verwys na wat so pas in verse 1—5 gesê is, terwyl “die beskuldiging” (vs 6b) weer die inhoud van vers 6a opneem. In vers 6a reageer die opponente dus op Miga se woorde (vs 1—5), in verse 6b—11 b reageer Miga weer op hulle beskuldiging in vers 6a.

(b) Die dialoogstruktuur van Miga 2:11 c—3:12 spring in die oog. Vers 11 c begin met die inleidingsformule “Maar hierdie volk het bly profeteer” waarmee die opponente aan die woord gestel word. “Hierdie volk” verwys na die opponente, terwyl die *waw*-adversatief (“maar”) aandui dat wat hier gesê word in teenstelling met die voorafgaande staan. In 2:6—11 b het Miga die leiers daarop gewys dat die toekoms nie net voorspoed nie, maar ook oordeel inhou. Hierop reageer die leiers nou in 2:11 c—13 deur te sê dat Jahwe dié deel van die volk wat in ballingskap is, weer bymekaar sal maak en na hulle vaderland toe sal terugbring.

Miga 3:1—12 word formeel deur (“Maar ek sê”) ingelei, waarmee Miga aan die woord gestel word. Weer dui die *waw*-adversatief aan dat

hierdie verse in teenstelling met 2:11c—13 staan: in laasgenoemde het die leiers daarop aanspraak gemaak dat Jahwe die volk weer sal byeenbring; nou sê Miga dat Jahwe Hom van hulle gaan distansieer as gevolg van hulle sonde (vs 1—4), dat hulle vertrou op die valse profete hulle duur te staan gaan kom (vs 5—8) en in die klimaks van sy betoog (vs 12) kondig hy aan dat Sion en Jerusalem verwoes sal word.

(c) Miga 4:1—9 vorm formeel 'n nuwe eenheid, maar sluit wel aan by 3:1—12 soos blyk uit die waw-konsekutief (4:1). Verder gaan dit in 4:2d, wat met sy chiasiese struktuur die kern van 4:1—5 vorm, weer om Sion en Jerusalem, net soos in 3:12 wat op sy beurt die klimaks van Miga 3:1—12 vorm. Uit die inhoudelike analise is dit duidelik dat dié twee verse in kontras tot mekaar staan. Volgens Miga 3:12 sal Sion en Jerusalem ondergaan, maar volgens Miga 4:2d sal die wet uit Sion uitgaan en die woord van die Here uit Jerusalem (wat by implikasie beteken dat hulle nie sal ondergaan nie). Hieruit kan afgelei word dat 4:1—9 nie meer, soos 3:1—12, die woorde van Miga is nie, maar wel van sy opponente. So gesien, is Miga 4:1—9 dus 'n voortsetting van die dispuut, terwyl dit opmerklik is dat dit afgelei kan word sonder dat daar 'n inleidingsformule is waarmee die nuwe spreker aangedui word.

(d) Wat Miga 4:10—13 betref, word die verband tussen vers 10 en verse 11—13 aangedui deur die waw aan die begin van vers 11, asook deur die feit dat ons in vers 10 (“Krimp inmekaar en skreeu uit, o dogter Sion”) en vers 13 (“Staan op en dors, o dogter Sion”) twee sintakties parallelle uitdrukkings het. Die feit dat die twee uitdrukkings inhoudelik teenoor mekaar staan, bevestig egter dat dié verband een van kontras is. Die afleiding kan dus gemaak word dat ons in vers 10 en verse 11—13 met verskillende sprekers te doen het. Miga (vs 10) sê dat Jerusalem alle rede tot vrees het omdat daar 'n ballingskap voor die deur is; sy opponente (vs 11—13) sê dat hulle niks te vrees het nie, hulle sal die vyand verslaan.

Dat 4:10—13 by 4:1—9 aansluit en dus 'n voortsetting van die dispuut is, blyk formeel uit die herhaling van die uitdrukkings “soos een wat geboorte gee” en “krimp inmekaar” in verse 9 en 10, uit die tweede persoon enkelvoud suffikse wat in albei gedeeltes voorkom, asook uit die uitdrukking “dogter Sion” waarmee in albei gedeeltes na Jerusalem verwys word.

Verder het ons in verse 10—13 'n konkrete uitbouing van die hooftema van verse 1—9, naamlik die vraag na hoe die heil van Jahwe uiteindelik sal realiseer. Dit word in hierdie geval konkreet ten opsigte van Jerusalem uitgespel.



(e) Miga 4:14—5:5 vorm ook 'n eenheid. Die verband tussen die twee sub-eenhede, 4:14—5:3 en 5:4—5, word deur die *waw*-adversatief (5:4) aangedui: Miga (4:14—5:3) sê dat die huidige koning sal ondergaan en dat daar eers onder 'n nuwe koning weer heil sal wees; sy opponente (5:4—5) sê dat die huidige koning niks sal oorkom nie en dat die heil onder hom sal realiseer. Die wyse waarop die uiteindelijke heil sal realiseer, staan ook in kontras tot mekaar: Miga (vs 3) sê dat die nuwe koning die volk in die krag van Jahwe sal laat "wei", sy opponente (vs 5) sê dat die volk met behulp van hulle bondgenote die land van die vyand sal "afwei".

Die verband van 4:14—5:5 met 4:10—13 word deur die tussen-werpsel "nou" (4:14) aangedui. Hiermee word enersyds 'n wending ('n nuwe spreker) in die gesprek aangedui; andersyds wys dit op 'n verband met die voorafgaande (in hierdie geval 'n aansluiting by die tema van die voorafgaande verse). Die parallele verwysing na die stad Jerusalem as "dogter Sion" (4:10, 13) en "dogter krygsbende" (4:14) dra ook by tot die inhoudelike teenstelling wat tussen die woorde van die opponente (4:11—13) en dié van Miga (4:14—5:3) bestaan. In 4:13 sê die opponente aan die inwoners van Jerusalem dat hulle die vyand moet vertrap. In 4:14 sinspeel Miga daarop as hy Jerusalem "dogter krygsbende" noem. Die verband tussen 4:10—13 en 4:14—5:5 is ten slotte ook daarin geleë dat ons van 4:10 af te doen het met 'n konkrete uitbouing van die tema hoe Jahwe se heil in die praktyk sal realiseer; hier gaan dit spesifiek om die koningshuis.

(f) Wat die laaste gedeelte van hoofstukke 2—5, Miga 5:6—14, betref, het ons ook twee sub-eenhede: 5:6 en 5:7—14. Die verband tussen die twee gedeeltes is tweërlei: die *waw*-konsekutief (vs 7), en die parallele konstruksies wat in verse 6 en 7 aangetref word. Ook hier dui die inhoudelike analise aan dat dit 'n kontrasterende verband is. In vers 6 word gesê dat die volk vir ander volke tot seën moet wees, in vers 7 word gesê dat hulle die ander volke moet uitroei. Die logiese afleiding is dat vers 6 van Miga kom en vers 7 (en wat daarop volg) van sy opponente.

Verse 6—14 koppel aan die voorafgaande vanweë die *waw*-konsekutief (vs 6). Inhoudelik is 5:8—14 'n voortsetting van die tema waarom dit van 4:10 af gaan. Hier gaan dit om hoe die heil vir die volk as sodanig sal realiseer.

(g) Slotsom: Uit bostaande bespreking kan afgelei word dat wanneer ons met 'n diskussie van hierdie aard te doen het, daar nie telkens 'n formele inleidingsformule hóéf te wees wanneer 'n nuwe spreker aan die woord kom nie. Dikwels moet en kan strukture afgelei word sonder dat daar inleidingsformules is. In dié verband toon Van der Woude dan ook

aan dat dié verskynsel nie vreemd aan die Ou Testament is nie.<sup>27)</sup> Daarby kan gevoeg word dat ons aan die begin van die gesprek wel formele inleidingsformules het; namate die aard van die teks egter duidelik word, raak sulke formules oorbodig en kan dit selfs hinderlik word. My slotsom is dus: die teks verskaf wel genoegsame aanduidings om dit as 'n dialoog te interpreteer. Wat wel waar is, is dat Van der Woude nie volledig op al bogenoemde formele argumente ingegaan het nie en sy teorie sodoende nie so sterk onderbou het as wat hy wel kon nie.

(h) Wat meer is: as Van der Woude verkeerd is, word die probleem nog groter, want dan moet ons met die spanninge en onverklaarbaarhede in die teks genoeg neem, terwyl Van der Woude se tese wel 'n oplossing daarvoor bied. Verder is dit so dat dié spanninge en probleme nie op bevredigende wyse deur ander kommentatore hanteer word nie. 'n Paar voorbeelde kan genoem word:

(i) Miga 2:12—13 (wat duidelik 'n heilsprofesie is) moet deur Rudolph, Mays, Allen en Wolff as 'n latere redaksionele toevoeging verklaar word omdat dit, volgens hulle, in stryd staan met die omringende onheilsprofesieë wat wel aan Miga self toegeskryf kan word. Om dieselfde rede plaas Renaud dié verse ná 4:6—7. Hierdie ingrypende oplossings staan teenoor Van der Woude se tese waarvolgens dié verse, synde die woorde van die opponente, as deel van die oorspronklike teks en op hulle huidige plek behou kan word.

(ii) Rudolph, Mays, Renaud en Wolff word genoodsaak om Miga 4:1—5, of ten minste dele daarvan, as sekondêr te verklaar, omdat dit, volgens hulle, nie as 'n heilsprofesie uit die mond van Miga verklaar kan word nie, veral nie in die lig van die oordeel wat Miga so pas in 3:12 uitgespreek het nie. Dit staan teenoor Van der Woude wat dit as deel van die teks behou en sê dat die opponente hier aan die woord is en uit Jesaja aanhaal.

(iii) Verskeie kommentatore (onder andere Mays, Hillers, Renaud, Hagstrom, Allen en Rudolph) beskou Miga 5:6—8 as 'n eenheid, maar word dan gekonfronteer met die probleem dat die inhoud van vers 6 direk in stryd staan met dié van vers 7 en dus moeilik aan dieselfde spreker toegeskryf kan word. “Geforseerde” interpretasies van die teks moet dan gemaak word of 'n deel daarvan moet as sekondêr beskou word om die spanning op te hef. Daarteenoor los Van der Woude se tese die probleem op deurdat vers 6 aan Miga en vers 7 (en wat daarop volg) aan sy opponente toegeskryf word.

(iv) 'n Laaste algemene voorbeeld: Soos reeds genoem, is talle skemas al voorgestel om die wisselende onheils- en heilspesifisiteit van Miga 2—5 te verklaar; feitlik deur die bank moet in dié skemas uitsonderings op die reël gemaak word omdat bepaalde verse nie inpas nie. Met Van der Woude se teorie is dit nie nodig nie.

2.2.2 Van der Woude word ook gekritiseer oor die omvang van dié dele wat hy aan die opponente toeskryf, veral die feit dat die opponente “die laaste sê” het: “... it is difficult to perceive why chaps 4—5 are primarily turned over to the salvation prophets, leaving only morsels for Micah, and why he, the responsible author, should have allowed the lengthy dialogue of chaps 2—5 to terminate (not as in chap 3!) with the words of his opponents”<sup>28)</sup>: “... it is also worth noting that according to Van der Woude’s scheme it is the false prophets who have the last word (5:7—14) and not Micah”.<sup>29)</sup> Ook Ridderbos sê dat ’n mens nie sou verwag dat Miga aan die woorde van sy opponente so ’n prominente plek, selfs die laaste woord, sou gee nie.<sup>30)</sup>

Op hierdie kritiek is Van der Woude se antwoord dat die feit dat die opponente laaste praat, nie beteken dat hulle die argument gewen het nie; wat kon Miga in elk geval nog gesê het om hulle te oortuig?<sup>31)</sup> Ek meen Van der Woude het gelyk; die kwessie oor wie laastê aan die woord is, is nie so deurslaggewend as wat sommige van die kritici beweer nie. My beswaar teen genoemde kritiek is dat dáárin juis uitgegaan word van ’n veronderstelling *wat buite die teks lê*, naamlik dat die een wat laaste praat die argument wen, en dat die teks dan op grond van hierdie veronderstelling beoordeel word. Dieselfde geld die kritiek dat die opponente “te veel en te lang spreekbeurte” kry. Vanuit die *Gattung* van die teks as ’n twisgesprek, is dit logies verklaarbaar: ’n twisgesprek waarin net een kant sy saak kan stel, is tog geen “objektiewe debat” nie. ’n Mens sou net sowel kon sê dat dit binne so ’n twisgesprek goeie taktiek is om jou opponente per geleentheid genoeg tou te gee om hulleself “op te hang”.

In geheel gesien, meen ek dus dat nie een van hierdie punte van kritiek so deurslaggewend is dat dit die teorie oor die twisgesprek sou kon weerlê nie.

### 3. **BESPREKING VAN VAN DER WOUDE SE METODE EN WERKSWYSE**

Die feit dat ek grootliks met die drie teses van Van der Woude saamstem, beteken nie dat daar met alle aspekte van sy metode en werkswyse saamgestem word nie. Ek wil dus ten slotte enkele punte van kritiek in dié verband uitspreek.<sup>32)</sup>

3.1 Hoewel Van der Woude sowel met formele gegewens as die inhoud van die teks rekening hou, is dit so dat hy metodies nie genoegsaam tussen dié twee aspekte onderskei nie. Waar hy na formele aspekte verwys, “vermeng” hy dit dikwels met sy inhoudelike analise. Die gevaar hieraan verbonde is dat maklik in ’n sirkelredenasie verval word: die twee aspekte word dan oor en weer gebruik om telkens te “bewys” dat die ander een korrek is. Hy gebruik byvoorbeeld in Miga 2:7 die metriese indeling (wat ’n aspek van die formele is) as kriterium vir sy interpretasie van die betekenis van die teks, en dan weer dié betekenis as bevestiging van sy metriese skema. Die waarde van ’n werkswyse waarin dié twee aspekte onafhanklik van mekaar gehou word, lê juis daarin dat dit oor-en-weer-kontrole moontlik maak.

3.2 Van der Woude maak ook nie van die volle potensiaal van ’n ontleiding van formele kriteria gebruik nie. Dikwels verwys hy slegs in die verbygaan na een of ander formele aspek, sonder om in besonderhede op die saak in te gaan. Hy maak byvoorbeeld melding van die waarde van kriteria soos “verhalende notities, citaten en het gebruik van ‘ik’ en ‘wij’”,<sup>33)</sup> maar dit is nie al waarom ’n formele analise gaan nie. Gevolglik is sy formele argumente dikwels beperk tot een bepaalde aspek, byvoorbeeld sy metriese skema (vgl sy analise van Miga 2:6—11b).

Wat ook gebeur, is dat hy formele gegewens slegs *aanvullend* by sy inhoudelike analise gebruik: “Intussen wordt onze opvatting niet alleen door inhoudelijke, maar tevens door formele gegevens ondersteund”.<sup>34)</sup> In veral Miga 2:6—8 kry ’n mens die indruk dat Van der Woude die teks hoofsaaklik inhoudelik ontleed het en daarna enkele formele argumente gesoek het om dit te ondersteun.

3.3 Van der Woude werk dus hoofsaaklik met die inhoud van die teks en baseer sy interpretasie grootliks daarop. Sy siening dat Miga 3:5—8 en 3:9—12 ’n verdere uitbouing is van Miga 4:4a en 4:4b onderskeidelik, dien as illustrasie hiervan. Dit is ’n siening wat hy op sy inhoudsanalise grond, maar wat nie deur die struktuur van die perikoop ondersteun word nie.<sup>35)</sup>

3.4 Van der Woude definieer nie altyd die begrippe wat hy gebruik, duidelik nie. Byvoorbeeld: in sy bespreking van Miga 2:6—11 b gebruik hy eers die begrip “opbouw” om na sy metriese indeling te verwys en dan weer om na ’n oorsig oor die inhoud van die teks te verwys. In Miga 3:1—12 verwys hy met dieselfde term ook na die *Gattung*.

Hieruit vloei ’n verdere punt van kritiek voort: die feit dat Van der Woude nie volledig omskryf wat hy onder bepaalde terme verstaan nie,

veroorzaak dat hy die verskillende aspekte (stappe) van die eksegetiese proses (waarna dikwels met hierdie terme verwys word) nie na behore van mekaar onderskei nie. So “vermeng” hy in die geval van Miga 2:6—11b die metriese en inhoudelike analises met mekaar en in die geval van Miga 3:1—12 die strukturele analise en die vasstelling van die *Gattung*.

3.5 Teen die wyse waarop Van der Woude met die metrum te werk gaan, het ek twee besware.<sup>36)</sup> Die eerste handel oor die funksie en rol wat hy aan metrum in die algemeen toeken. Myns insiens speel die metrum as sodanig, nie so ’n deurslaggewende rol in die interpretasie van die teks as wat Van der Woude wil voorgoed nie. Die tweede handel oor die spesifieke metode wat hy gebruik om die metrum vas te stel en die wyse waarop hy die resultate van hierdie metode aanwend. Van der Woude maak eksklusief van die Sievers-metode gebruik. Om hierdie metode te gebruik is op sigself nie verkeerd nie, maar die feit dat ander metodes ook kan meesprek in die vasstelling van die metrum, word nie deur Van der Woude in ag geneem nie. Verder sou ek huiwerig wees om op grond van hierdie metode alleen so drasties in die teks in te gryp as wat Van der Woude soms doen.

Met ’n enkele verdere opmerking in dié verband kan volstaan word. Van der Woude sê dat daar by die analise van ’n teks nie impressionisties te werk gegaan moet word nie, maar dat uitgegaan moet word van dit wat die teks aanbied.<sup>37)</sup> Of impressionisme nou *per se* negatief móét wees, is ’n vraag op sigself. Die punt is egter dat Van der Woude wat sy hantering van die metrum betref, self dikwels impressionisties te werk gaan. As dit lyk asof ’n bepaalde metriese patroon in ’n bepaalde gedeelte “werk”, dan gebruik hy dit, egter nie altyd met dieselfde sukses nie.

3.6 Van der Woude se hantering van glosse is nie bevredigend nie. Daar is ’n aantal gevalle waar hy woorde en uitdrukkings onnodiglik as glosse uitwys (vgl bv 1:5b—c, 2:1, 2:8, 3:8, 4:8 en 5:14). Van der Woude verlaat hom in hierdie gevalle te veel op die metrum as ’n kriterium. Verder hoef elke verklarende of uitbreidende gedagte nie noodwendig ’n latere toevoeging te wees nie (vgl bv 3:8).

3.7 ’n Volgende aspek hou eng hiermee verband en is myns insiens een van die vernaamste tekortkominge in Van der Woude se metode. Die feit dat hy histories te werk gaan, bring mee dat hy te min aandag aan die teks in sy huidige vorm gee. Dit kom in die eerste plek na vore in sy hantering van glosse. Hy wys soms (bv in die geval van 2:1) ’n bepaalde uitdrukking as ’n glos uit, en skep dan die indruk dat dit nie verder in ag geneem hoef te word nie. Die punt waarom dit egter gaan, is dat eers vasgestel moet

word wat die funksie van 'n glos in die huidige teks is, alvorens dit as irrelevant vir historiese uitleg kan geld. Die betekenis van glosse in die teks is ook belangrik vir historiese oordele daaroor.

Wat hierdie aangeleentheid betref, is Van der Woude ook nie konsekwent nie. In sommige gevalle verduidelik hy wel waarom 'n bepaalde uitdrukking later bygevoeg is (bv 2:13), maar in ander gevalle weer nie (bv 2:12 waar hy net die betrokke woorde as 'n glos bestempel en die saak daar laat).

Dat Van der Woude, vanweë sy historiese benadering, te weinig aan die laaste vlak van die teks (dié van die redaktor van die boek) aandag gee, kan ook op 'n makrovlak waargeneem word. Hy beskou hoofstukke 1—5 en 6—7 as twee dele wat geheel en al los van mekaar staan. Wat die verband tussen die twee dele betref, sê hy net dat hoofstukke 6—7 op 'n later stadium by hoofstukke 1—5 gevoeg is, waarskynlik omdat die twee profete wat daarvoor verantwoordelik was dieselfde naam, Miga, gehad het. 'n Ander rede kon moontlik gewees het dat hoofstukke 6—7 by 1—5 gevoeg is omdat 1—5 met die woorde van die opponente eindig; met die byvoeging het die opponente dan ten minste nie meer die laaste woord nie. Myns insiens kan daar heelwat meer oor die redaksieproses van die boek gesê word as net dit. Dit is dus duidelik dat Van der Woude nie in ag neem dat die redaksionele vlak van die boek (waar ons te doen het met die samevoeging van hoofstukke 1—5 en 6—7) ook *betekenis dra en derhalwe geanaliseer moet word* nie.<sup>38)</sup>

'n Slotopmerking: alhoewel ek op bogenoemde punte van Van der Woude se metode en werkswyse verskil, doen dit geensins afbreuk aan die feit dat ons hier met 'n kommentaar van hoogstaande gehalte te doen het nie. Veral Van der Woude se teorie oor Miga 2—5 lewer, myns insiens, 'n groot bydrae tot die verstaan van die boek as geheel, en daar sal in die toekomst deeglik daarmee rekening gehou moet word.

## NOTAS

1. Hierdie artikel bied 'n oorsig oor J G Strydom, *Micah, Anti-Micah and Deutero-Micah: A critical discussion with A S van der Woude*, DTH-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, 1988. Professor J A Loader het as promotor opgetree.
2. A S van der Woude, *Micha*, Nijkerk 1976.
3. Strydom, a w.
4. W Rudolph, *Micha — Nahum — Habakuk — Zephanja: Mit einer Zeittafel von Alfred Jepsen*, Gütersloh 1975.
5. L C Allen, *The books of Joel, Obadiah, Jonah and Micah*, Grand Rapids 1976.
6. J L Mays, *Micah: A commentary*, London 1976.
7. B Renaud, *La formation du livre de Michée: Tradition et actualisation*, Paris 1977.
8. H F Wolff, *Mit Micha reden: Prophetie einst und jetzt*, Munich, 1978.

9. Strydom, a w, 3—13.
10. Van der Woude, a w, 10—11.
11. Van der Woude, a w, 19—20.
12. Van der Woude, a w, 61—64.
13. Van der Woude, a w, 198—199.
14. Van der Woude, a w, 7, 10—11.
15. Van der Woude, a w, 11, 198.
16. H W Wolff, *Dodekapropheten 4: Micha*, Neukirchen-Vluyn 1982.
17. D R Hillers, *Micah: A commentary on the book of the prophet Micah*, Philadelphia 1984.
18. D G Hagstrom, *The coherence of the book of Micah: A literary analysis*, PhD Thesis, Union Theological Seminary, Richmond 1982.
19. Strydom, a w.
20. Van der Woude, a w, 12.
21. Strydom, a w., 27—165.
22. H G Reventlow, *Boekresensie: A S van der Woude, 1976, ThLZ 104 (1979), 179.*
23. A van der Kooij, *Boekresensie: A S van der Woude, 1976, NedThT 33 (1979), 140.*
24. S J de Vries, *Boekresensie: A S van der Woude, 1976, JBL 97 (1978), 280.*
25. E H Scheffler, *Micah 4:1—5: An impasse in exegesis? Old Testament Essays 3 (1985), 58.*
26. Vir 'n volledige bespreking hiervan, kyk Strydom, a w, 158—165.
27. Van der Woude, a w, 12.
28. De Vries, *JBL 97 (1978), 279.*
29. Scheffler, *Old Testament Essays 3 (1985), 58.*
30. N H Ridderbos, *Boekresensie: A S van der Woude, 1976, GThT 76 (1976), 183.*
31. Hierdie stelling is deur Van der Woude gemaak tydens 'n persoonlike gesprek met hom op 15 Januarie 1987 te Groningen, Nederland.
32. Hierdie kritiek is uit die aard van die saak ook gebaseer op 'n analise van Van der Woude se ander twee teses, naamlik dié oor Miga 1 en dié oor Miga 6—7. Vir 'n meer volledige bespreking van hierdie kritiek verwys ek u na Strydom, a w, 217—231.
33. Van der Woude, a w, 10.
34. Van der Woude, a w, 63.
35. Hierdie saak word volledig bespreek in Strydom, a w, 95—96, 218—219.
36. 'n Volledige uiteensetting van Van der Woude se hantering van die metrum en my besware daarteen, kan gevind word in Strydom, a w, 44—54.
37. Hierdie stelling is deur Van der Woude gemaak tydens 'n persoonlike gesprek met hom op 3 Februarie 1987 te Groningen, Nederland.
38. Om praktiese redes kan ek nie my eie siening in dié verband volledig hier bespreek nie. Indien u daarin geïnteresseerd is, kyk Strydom, a w, 210—216.